# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 29

> *Maar die leiers van die Filistyne het hulle vererg en vir Akis gesê: "Laat die man omdraai en laat hy teruggaan na sy plek toe wat jy vir hom aangewys het. Hy mag nie saam met ons in die oorlog optrek nie." (vers 4)*

Dawid se bondgenootskap met koning Akis het hom in ’n baie groot dilemma geplaas. As Akis se persoonlike lyfwag móés hy saam met die Filistyne teen sy eie mense gaan veg, of hy nou wou of nie. ’n Mens kan maar net wonder wat sou gebeur het as hy wel moes gaan veg.
Gelukkig het dit nie gebeur nie, want die Here het ’n stokkie daarvoor gesteek deurdat die ander Filistynse leiers Dawid nie vertrou het nie. So kon Dawid wegstap van die oorlog af, en kon hy nie later beskuldig word dat hy ’n aandeel aan Saul en sy seuns se dood gehad het nie.
Dalk het Dawid aan hierdie gebeurtenis gedink toe hy Psalm 37 gedig het? Hy bely dat die Here die koers bepaal van die mens met wie se pad Hy tevrede is (vers 23). Daarom kan ek en jy rustig woon en werk (vers 3). Die Here sal sorg (vers 5) en die hulp wees van die regverdiges (vers 17).



© Bybelkoerant 2018 – 2026